# Hoërskool Porterville

## Kleinskooltjie Prospektus



# Grondslagfase

## Gr. 1 - 3

## 2022

# Welkom

God het jou geskape
om enig in jou soort te wees.
**Daar is niemand soos jy nie!**
Jy kan sommige dinge
regtig baie goed doen,
maar in ander dinge sal jy dalk nooit
uitblink nie, al probeer jy hoe hard.
Dit is net hoe God jou gemaak het.
Hier word dit nie van jou verwag om
iemand te wees wat jy nie is nie,
maar **jy gaan aangespoor word**
**om die beste te wees wat jy kan wees!**




<u>Hoërskool Porterville</u>

Kleinskooltjie : Grondslagfase

Volgende jaar is die begin van nog 'n opwindende skoolloopbaan, daarom verwelkom ons vroegtydig alle ouers en gr. 1 – leerders!

| |
|---|
| Skool begin in **2022** vir die **graad 1 - leerders** op<br>**Dinsdag, 18 Januarie,** om **08:00 tot 12:00**<br>by die **Kleinskooltjie.** |

Dinsdag, 18 Januarie, is 'n skooldag **slegs vir graad 1 – leerders**. Hierdie dag is spesiaal vir ouers en leerders om 'n bietjie te kuier by die Kleinskooltjie. Dit is die eerste formele skooldag wat ons op 'n baie informele manier wil aanbied. Ouers is op hierdie dag welkom om foto's te neem, hul kind na die klas te vergesel en die klasopvoeder te ontmoet.

Vanaf Woensdag, 19 Januarie, sal die graad 1-leerders dan gereed wees om selfstandig die skooljaar te begin. Op hierdie dag (19 Januarie) sal leerders hul eerste saalbyeenkoms bywoon.

**Indien die volgende nie by u kind se aansoek is nie, besorg dit so spoedig moontlik aan die skoolsekretaresse.**

- Afskrif van:
  1. Kliniekkaart (verpligtend)
  2. Geboortesertifikaat (verpligtend)
  3. Mediesefondskaart (indien beskikbaar)

# Graad I Benodigdhede - deur ouers aangekoop:



- potloodsakkie
- liniaal (30 cm) (nie die buigbare soort asb.)
- Skêr (metaal en gemerk)
- 2 buisies Pritt
- Een metaal potloodskerpmaker met 2 gaatjies
- 4 HB potlode Jumbo Triplus (beginnerspotlode, grys)
- 4 HB potlode gewone dun (grys)
- I pakkie inkleurpotlode Jumbo Triplus (beginnerspotlode)
- I pakkie dun inkleurpotlode (pak van I2)
- Ix Flip File A4 20 Bladsye Kangaroo
- Ix Flip File A4 50 Bladsye Kangaroo
- Stoelsak verkrygbaar by Waltons (45cm)
- "Library book bag" Blou sak met rits (30x35)
  Verkrygbaar by Paper Den, Porterville
- I x 2l roomysbak
- ou hemp of voorskoot
- 'n klein handdoekie
- 'n plastiek bekertjie

} met kort lussies aan, asb.

- een boks tissues
- een botteltjie vloeibare handewasseep
- Sagte wit uitveër

**NB. Merk asb. al u kind se benodigdhede!**

# Skoolreëls

Ons vra dat alle ouers die skoolreëls soos in HSP-prospektus:

- aandagtig sal deurlees
- met hul kinders sal bespreek
- sal help toepas waar moontlik.

Só verseker ons 'n veilige en netjiese omgewing, waar u kind saam met maats, baie gelukkige skooldae kan deurbring.

Sou u op enige stadium ongelukkig voel oor iets by die skool, rakende u kind of enige ander onderwerp, skakel ons asb. dadelik om 'n afspraak te maak:

☎ Skool: 022 - 931 2174

1. **Amptelike skooltye:**

1.1 Amptelike skoolure is:

Ma. – Vr 07:30 tot 13:15 vir graad 1
Ma. – Vr 07:30 tot 14:00 vir graad 2 en 3

1.2 Die skoolassistent, Mev. Johanna Victor, is vanaf 06:45 – 15:30 by die skool.

1.3 Skoolhekke sal tydens die skoolure gesluit wees om almal se veiligheid te verseker.

1.4 Maak asb. seker dat u kind, u of die betrokke persoon wat u kind na skool kom haal, sien wanneer hy/sy die klas verlaat. Kinders raak gou angstig as hulle hieroor onseker voel.

1.5 Mev. Victor help leerders in die middag om die besige Bassonstraat (voor die skool) veilig oor te steek.

1.6 Ons vra u om na die eerste 2 weke die leerders by die hek te groet, sodat hulle onafhanklik na hul klas kan stap. Onthou u kind is in die skool, hy/sy moet self sy/haar tas dra.

2. **Pouses:**

2.1 Eerste pouse: 09:30 – 10:00

2.2 Tweede pouse: 12:00 – 12:15

2.3 Kospakkies: Kleurmiddels en preserveermiddels in kos bevorder hiperaktiwiteit en aandagafleibaarheid. Dit beïnvloed ook konsentrasie! Help ons met die inpak van gesonde kospakkies en beperk asb. suiker- of soetgoed tot Vrydae. Navorsing het bewys dat kinders wat ontbyt eet skolasties beter vaar!

2.4 'n Opvoeder is elke pouse op terreindiens om die veiligheid van ons kinders te verseker en toesig te hou.

3. **Snoepie:**

3.1 **Vrydae** is Snoepiedag! Kinders mag dan 'n geldjie bring en 'n soet dingetjie koop of inpak skool toe!

3.2 Ouers kan 'n vrywillige bydrae vir die Snoepie maak.
Kwartaal 1 Gr. 1A, Kw 2 Gr. 1B, Kw 3 Gr. 2, Kw 4 Gr. 3

3.3 Snoepiegeld wat verlore raak veroorsaak groot hartseer! Help asb. u kind met 'n plan om Snoepiegeld veilig te bewaar. Plaas geld in 'n beursie of gemerkte banksakkie.

4. **Afwesighede:**

4.1 Skakel asb. die sekretaresse en meld afwesigheid aan.

4.2 Siektes versprei vinnig. Hou asb. u kinders by die huis totdat alle siektetoestande opgeklaar het.

4.3 Dit spyt ons, maar ons kan nie verantwoordelikheid neem vir die toedien van antibiotika en ander medikasie nie.

4.4 Ons kan egter pleisters plak en seer knieë en tone "dokter". Hiervoor benodig ons **baie** voorraad en sal 'n vrywillige bydrae van pleisters, ontsmettingsmiddel, watte, gaas en salf vir wonde, baie waardeer!!!!

4.5 Indien 'n leerder meer as drie dae afwesig is, word 'n mediese sertifikaat vereis. 'n **Mediese sertifikaat is verpligtend met afwesigheid tydens 'n Formele Assesseringstaak.**

5. **Kleredrag**:

5.1 Kleredrag - 2022

Voorgeskrewe kleredrag is beskikbaar by Kaap-Agri.

**Dogters:**

Somerkwartale: Navy gholfhempie met geel piping, navy skort, kort wit sokkies (geen strepe, tekens of logo's) en wit tekkies of kaalvoet.

Winterkwartale: Navy gholfhempie met geel piping, kort wit sokkies (geen strepe, tekens of logo's) en wit tekkies. Navy skoolsweetpak en/of navy warm skoolwindjakker (windbreaker) en skooltrui.

**Seuns:**

Somerkwartale: Navy gholfhempie met geel piping, navy kortbroek, kort wit sokkies (geen strepe, tekens of logo's) en wit tekkies of kaalvoet.

Winterkwartale: Navy gholfhempie met geel piping, kort wit sokkies (geen strepe, tekens of logo's) en wit tekkies. Navy skoolsweetpak en/of navy warm skoolwindjakker (windbreaker) en skooltrui.

5.2 **Merk asb. alle klere, besittings asook tekkies baie duidelik!**

5.3 Verlore goedere word by Mev. Victor in die stoortjie langs die personeelkamer bewaar. Dit kan daar by haar opgeëis word. Merk ASSEBLIEF alle eiendom van die kind. Ongemerkte klere word aan die klerebank geskenk.

6. **<u>Skoolgelde</u>**:

6.1 By 'n Begrotingsvergadering gehou 2 November 2021 is die **skoolfonds vir 2022 op R 14 700-00 per leerder** goedgekeur.

- OPSIE 1 (10 maande)
  R1 470pm vanaf Januarie tot Oktober

- OPSIE 2 (11 maande)
  R 1 700 vir Januarie ***EN*** R 1 300 vanaf Februarie tot November

Aftrekorders moet direk by die bank gereël word en die eerste betaling moet Januarie geskied. Die skool se bankbesonderhede vir ALLE betalings is as volg:

| | |
|---|---|
| ***Bank*** | ***ABSA, Porterville (Takkode 334407)*** |
| ***Rekeningnommer*** | ***2100390046*** |
| ***Rekeningnaam*** | ***Hoërskool Porterville (Tjekrekening)*** |
| ***Verwysing*** | ***U rekeningnommer/kind se naam & van*** |

6.2 Hierdie besluit is bindend op alle ouers. Die kriteria en prosedures vir aansoek om kwytskelding/gedeeltelike kwytskelding van skoolfonds, is by die skool verkrygbaar. Geen aansoek om vrystelling wat nié aan die voorskrifte voldoen, sal oorweeg word nie tensy die Beheerliggaam oortuig kan word van buitengewone omstandighede wat die nie-nakoming van die prosedure regverdig.

AANSOEKVORMS VIR VRYSTELLING VAN SKOOLFONDS IS VANAF 3 DESEMBER BY DIE FINANSIëLE KANTOOR BESKIKBAAR.

Ons sien daarna uit om u en u kind te ontmoet!

Vriendelike groete

__________________

Mnr. JJ Louw
**Skoolhoof**